Republiek van Suid-Afrika ◆ Republic of South Africa

*Buitengewone*

# Staatskoerant
# Government Gazette
*Extraordinary*

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

**(REGULASIEKOERANT No. 72)** **(REGULATION GAZETTE No. 72)**

VOL. III.] PRYS 5c. PRETORIA, 23 MAART / 23 MARCH 1962. PRICE 5c. [No. 206.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

### DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWESE.

No. R. 462.] [23 Maart 1962.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bepalings van subartikel (4) van artikel *twee* en artikel *drie* van Wet No. 44 van 1958, sy goedkeuring daaraan te heg dat die Telegraafregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 610 van 29 April 1960, soos van tyd tot tyd gewysig, met ingang vanaf 1 April 1962 verder gewysig word deur die volgende veranderings onder *Bylae D* aan te bring: —

1. Onder die opskrif „ Teledrukkerhuurgeld ", wysig die koste vir—

(*a*) 'n „ Send- en ontvangteledrukker (met inbegrip van 'n klankdigte deksel) " sodat dit lui „ R160 per jaar ";

(*b*) 'n „ Ontvangteledrukker (met inbegrip van 'n klankdigte deksel) " sodat dit lui „ R110 per jaar ".

2. Onder die opskrif „ Teleksaansluiting ", wysig die koste vir „ Leidings " sodat dit lui „ Kosteloos binne die perke van 'n telefoon-minimumhuurgebied, en buite daardie perke teen R4 per kwartmyl per jaar."

3. Onder die opskrif „ Bykomende koste "—

(*a*) na die woord „ Herperforeerder ", voeg by „ (nie-druk) ";

(*b*) onder „ Herperforeerder (nie-druk): R84 per jaar ", voeg by „ Drukherperforeerder: R100 per jaar ";

(*c*) wysig die koste vir „ Perforeerder " sodat dit lui „ R84 per jaar ";

(*d*) onder „ Perforeerder: R84 per jaar ", voeg by „ Bydeel vir perforeer en herperforeer van 'n Siemensteledrukker: R84 per jaar ".

### DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

No. R. 463.] [23 Maart 1962.

WET OP UNIVERSITEITE, 1955.—REGULASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (5) van artikel *sewentien* van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955), keur ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, onderstaande regulasies van die Universiteit van Stellenbosch goed: —

HERNUWING VAN INSKRYWING AS STUDENT.

1. Die Universiteit kan 'n student toestemming weier om sy inskrywing as student van die Universiteit te hernieu, indien hy—

(*a*) in die jare wat die finale studiejaar van 'n graad, diploma of sertifikaat voorafgaan, twee keer na mekaar nie daarin slaag om aan die vereistes vir promosie na 'n volgende studiejaar te voldoen nie;

## GOVERNMENT NOTICES.

### DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS.

No. R. 462.] [23 March 1962.

The State President has been pleased in terms of subsection (4) of section *two* and of section *three* of Act No. 44 of 1958, to approve that the Telegraph Regulations promulgated under Government Notice No. R. 610 of 29th April, 1960, as amended from time to time, be further amended with effect from 1 April, 1962, by the following changes under *Schedule D*: —

1. Under the heading " Teleprinter Rentals " amend the charge for—

(*a*) a " Combined sending and receiving teleprinter (including a soundproof cover) " to read " R160 per annum ";

(*b*) a " Receiving teleprinter (including a soundproof cover) " to read " R110 per annum ".

2. Under the heading " Telex Connections " amend the charge for " Leads " to read " Free within the limits of a telephone minimum rental area and beyond those limits at R4 per quarter mile per annum ".

3. Under the heading " Additional Charges "—

(*a*) after the word " Reperforator " insert " (non-printing) ";

(*b*) below " Reperforator (non-printing): R84 per annum " insert " Reperforator (printing): R100 per annum ";

(*c*) amend the charge for " Perforator " to read " R84 per annum ";

(*d*) below " Perforator: R84 per annum " insert " Attachment for perforating and reperforating in a Siemens teleprinter: R84 per annum ".

### DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE

No. R. 463.] [23 March 1962.

UNIVERSITIES ACT, 1955.—REGULATIONS OF THE UNIVERSITY OF STELLENBOSCH.

Under and by virtue of the powers vested in me by subsection (5) of section *seventeen* of the Universities Act, 1955 (Act No. 61 of 1955), I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Education, Arts and Science, approve the following regulations of the University of Stellenbosch: —

RENEWAL OF REGISTRATION AS A STUDENT.

1. The University may refuse a student permission to renew his registration as a student of the University—

(*a*) if, in the years preceding the final year of study for a degree, diploma or certificate, he fails twice in succession to meet the requirements for promotion to a following year of study;

(b) nie in die eksamens van die finale studiejaar vir die grade M.B., Ch.B. slaag binne twee jaar nadat hy hierdie eksamens vir die eerste keer afgelê het nie;

(c) die eksamens van die finale jaar vir 'n graad, diploma of sertifikaat in 'n ander fakulteit as die Fakulteit van Geneeskunde, meer as drie keer na mekaar sak; of

(d) as 'n student wat kursusse volg nie met die doel om 'n graad, diploma of sertifikaat te verwerf nie, aan die einde van 'n akademiese jaar nie slaag of nie voldoen aan die vereistes vir promosie in ten minste een van die kursusse wat hy in die bepaalde jaar bygewoon het nie.

## HERROEPING VAN REGULASIES.

2. Goewermentskennisgewing No. 1557 van 17 Julie 1953 word hierby herroep.

*Wysigingstrokie No.* 14.]

(b) if he fails to gain a pass in the examinations of the final year of study for the M.B., Ch.B. degrees within two years after he sat for these examinations for the first time;

(c) if he fails more than three times in succession to gain a pass in the examinations of the final year of study for a degree, diploma or certificate in a faculty other than the Faculty of Medicine; or

(d) if, as a student following courses not with the object of obtaining a degree, diploma or certificate he fails to gain a pass or to meet the requirements for promotion at the end of an academic year in at least one of the courses he attended in that particular year.

## REPEAL OF REGULATIONS.

2. Government Notice No. 1557 of 17th July, 1953, is hereby repealed.

*Amendment Slip No.* 14.]

## INHOUD.


| No. | | Bladsy |
|---|---|---|
| | **Departement van Pos-en-telegraafwese.** | |
| | Goewermentskennisgewing | |
| R. 462. | Wysiging van die Telegraafregulasies ... | 1 |
| | **Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.** | |
| | Goewermentskennisgewing. | |
| R. 463. | Wet op Universiteite, 1955: Regulasies van die Universiteit van Stellenbosch ... | 1 |


## CONTENTS.


| No. | | Page |
|---|---|---|
| | **Department of Posts and Telegraphs.** | |
| | Government Notice. | |
| R. 462. | Amendment of the Telegraph Regulations | 1 |
| | **Department of Education, Arts and Science.** | |
| | Government Notice. | |
| R. 463. | Universities Act, 1955: Regulations of the University of Stellenbosch ... ... ... ... | 1 |



# GEOLOGIESE KAART VAN DIE UNIE

Skaal 1/1,000,000 (4 dele)

PRYS R2.00 per stel

VERKRYGBAAR BY DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA en KAAPSTAD

# GEOLOGICAL MAP OF THE UNION

Scale 1/1,000,000 (4 sheets)

PRICE R2.00 per set

OBTAINABLE FROM THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA and CAPE TOWN


Die Staatsdrukker, Pretoria. | The Government Printer, Pretoria.

1—20